UN-DEED\DEED

Opgestel deur my,

TRANSPORTBESORGER
STRAEULI H.R.

SEËLREG
STAMP DUTY
FOOI
FEES R 400.00

VERBIND MORTGAGED
VIR
FOR R 1 200 000.00
B 84588 /2001
6-11-2001
REGISTRATEUR/REGISTRAR

N

**AKTE VAN TRANSPORT NR.** T 144885 / ~~000125630~~ / 2001

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK :

DAT HANS RUDOLF STRAEULI

voor my REGISTRATEUR VAN AKTES verskyn het te Pretoria, die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag aan hom verleen deur :-

**UNIBOU (EIENDOMS) BEPERK**

**1963/004473/07**

gedateer die 5de dag van JULIE 2001 geteken te PRETORIA

VERBIND MORTGAGED
VIR
FOR R 1 610 000.00
B
22 02 06
REGISTRATEUR/REGISTRAR

10/12

For Information Only

For Information O

EN die genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal waarlik en wettiglik en die datum van aankoop die 1ste JUNIE 2001 en dat hy in sy voornoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van-

**BLUE DOT PROPERTIES 403 (EIENDOMS) BEPERK**
***2000/025108/07***

diese opvolgers of regverkrygendes, in volkome en vrye eiendom:

**GEDEELTE 397 (GEDEELTE van GEDEELTE 232) van die Plaas DERDEPOORT 326 Registrasie Afdeling JR, Provinsie GAUTENG**

**GROOT 3,4395 (DRIE KOMMA VIER DRIE NEGE VYF) Hektaar;**

**AANVANKLIK GETRANSPORTEER KRAGTENS AKTE VAN TRANSPORT T20089/1959 MET KAART DAARBY AANGEHEG, EN GEHOU KRAGTENS AKTE VAN TRANSPORT T44623/1983.**

ONDERHEWIG EN GEREGTIG tot die volgende:

I. (a) Die eienare van die voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 (DRIE VIER SEWE komma TWEE EEN EEN NUL) Hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) en van Gedeelte 56 van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, soos getransporteer onder Akte van Verdelingstransport 5952/1941 *gedateer 21 April 1941, sal geregtig wees tto drei-vierde van* die water uit die algemene watervoor wat kom uit die Hartebeestspruit en loop oor gesegde Gedeelte 56 en gesegde voormalige Resterende Gedeelte na gedeelte van die gesegde plaas, groot 176,3514 hektaar, soos getransporteer onder Akte van Transport T7286/1910. Die voormalige regte van water sal deur die respektiewe eienare by beurte gereë word.

(b) Die eienare van die oorspronklike Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas groot as sodanige 527,8540 hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) sal nie die reg hê nie op die fontein wat lê naby die spruit wat loop deur Koedoespoort, nog tot die water in die spruit.

(c) Die eienare van die genoemde oorspronklike Resterende Gedeelte van die Westelike van die gesegde plaas, groot as sodanige 527,8540 hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) sal nie die reg hê nie op die dam en watervoor deur J J Dreyer uit die rivier geneem op die westelike kante van die rivier, dog sal die water wat loop in die nag teruggekeur moet

word in die rivier bokant die dam waaruit die gesamentlike watervoor uitgehaal is en is die gesegde voormalige Resterende gedeelte van die Westelike Gedeelte van genoemde plaas, groot as sodanig 347,2110 hektaar, ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) en die voormelde Gedeelte 56 van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas spesiaal geregtig tesame met die eienaar van voormelde gedeelte groot 176,2101 Hektaar tot die water vir drie weke dag en nag te gebruik uit elke vier weke.

(d) Die eienare van die gemelde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) en van voormelde gedeelte 56 van die Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, tesame met die eienaar van gesegde gedeelte groot 176,3514 hektaar, sal 2/3de van die koste vir reparasie van die dam en watervoor moet dra.

(e) *Die gesegde Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van gesegde* plaas, groot as sodanig 347,2025 hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) en die gesegde gedeelte 56 van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas is onderworpe aan en geregtig tot in terme van 'n Order van die Waterhof (distrik nr. 21) gedateer 30 Maart 1933 en geregistreer onder nr.471/1933 S, 'n afskrif waarvan geheg is aan Aktes van Verdelingstransporte 5953/1941 gedateer 21 April 1941.

(f) Die eienare van die gesegde voormalige Resterende Gedeelte van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, groot as sodanig 347,2110 hektaar ('n gedeelte waarvan hierby getransporteer word) is geregtig tot 'n reg van suiping op die voormelde gedeelte 56 van die Westelike Gedeelte van gesegde plaas, aan die Westekante van die Hartebeestspruit by die ou drif.

ONDERHEWIG VERDER AAN:

II. "The reservation of Mineral Rights in favour of Maria Jacoba Venter (born Wolmarans) married out of community of property to Johannes Gerhardus Stefanus Venter as will more fully appear from Certificate of Mineral Rights 99/1958 RM dated the 3rd day of March 1958, including all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the State from the disposal of the undermining rights of the Settlement, including the share of claim licence monies and any share of rental or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the Settlement and the like."

III Kragtens Notariële Akte Nr. K 157/1990 S is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n rioolpyplyn serwituut 4 (VIER) meter wyd ten gunste van die CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY soos aangedui deur die lyn AB op serwituutkaart LG No. A 6221/1989 en soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte en Kaart.

For Information O

VERDER onderhewig aan sodanige voorwaardes genoem of waarna verwys word in gemelde akte.

WESHALWE die Komparant afstand doen van al die reg en titel wat -

UNIBOU (EIENDOMS) BEPERK
1963/004473/07

voorheen op die genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken dat die gemelde Maatskappy geheel en al van die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is nie *en dat, kragtens hierdie Akte, bogenoemde*

BLUE DOT PROPERTIES 403 (EIENDOMS) BEPERK
2000/025108/07

diese opvolgers of regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat; en ten slotte erken hy dat die koopsom R950 000,00 (NEGEHONDERD EN VYFTIGDUISEND RAND) is.

TEN BEWYSE WAARVAN *ek, die genoemde* REGISTRATEUR, *tesame met die* Komparant, hierdie Akte onderteken het en dit met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN VERLY op die Kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES

te Pretoria op

q.q.

In my teenwoordigheid

REGISTRATEUR VAN AKTES

6-11-2001

6